automechanika
SOUTH AFRICA

Persverklaring

Medianavrae:

Roger Houghton : Mediabestuurder
Tel: 011 476 7400
Faks: 086 505 8957
e-pos: houghtonr@mwebbiz.co.za
Web: www.automechanikasa.co.za

Automechanika - vooraanstaande handelskou
vir die motorbedryf
Johannesburg Expo Centre, 9 - 12 Maart 2011

NUWE INTERNET-WEBTUISTE VIR AUTOMECHANIKA FRANKFURT

Automechanika, die internasionale bedryfskoue vir die voertuig-naverkopebedryf, het pas ’n nuwe webblad – bykans ’n jaar voor die begin van sy vlagskip-skou in Frankfurt van 14 tot 19 September 2010 – bekend gestel.

Dit word beskyf as “vuurwerk vir die oë en ore” van besoekers by: http://automechanika.messefrankfurt.com/frankfurt/en

Die webblad sal die besoeker op ’n interaktiewe reis deur alles wat mobiliteit is – die nuwe kernvoorkoms vir Automechanika – op die maat van rock-musiek neem. Die kuberstad, wat as die Metropolis of Mobility bekend staan, is uit verskillende motorkomponente en toerusting uit werkswinkels “gebou” en alles word “lewendig”.
Tollende borsels van die motorwasser, vonkproppe wat skiet en ’n motorhyser wat beweeg, neem die besoeker regstreeks na die individuele produkgroepe – onderdele en stelsels, bybehore en instelling, herstelwerk en instandhouding, IT en bestuur en ook versieningstasies en motorwassers.

Ander nuwe eienskappe sluit in:

- Teikengroep-spesifieke navigasie vir besoekers, uitstallers en joernaliste.
- Meer inligting vir besoekers oor die bedryfskou in Frankfurt met ’n interaktiewe plan van die sale, sowel as uitstaller- en produk-soekwerking nadat die webblad beset is.
- Die blad bied uitstallers ook ’n oorsig van die hele reeks dienste wat beskikbaar is om hulle te help om hul deelname aan die skou te beplan en te reël.
- Die uitgebreide soekgerief dek die hele byeenkoms met meer soekkeuses en gedetailleerde inligting oor individuele uitstallers en produkte.
- Interaktiewe plan van die sale, met ’n uitsig oor die algehele uitstalsentrum, en die vermoë om op die individuele sale in te zoem.
- ’n Nuwe perssentrum vir joernaliste.

Nog inligting is beskikbaar by:
Roger Houghton 011 476 7400 houghtonr@mwebbiz.co.za

Persverklaarings en fotos is elektronies beskikbaar by:
www.quickpic.co.za en www.automechanikasa.co.za